**Die lande staan wit vir die oes**

**Joh 4:25-42**

**23 Maart 2025**

1. Vantevore: Die Here Jesus gee lewende water – die Heilige Gees wat gelowige uit water en gees gebore laat word. Die gevolg is aanbidding in gees en waarheid is nou moontlik – dit is die aanbidding wat die Vader wil hê. Aanbidding in waarheid het God geopenbaarde inhoud. Aanbidding in gees kom uit wedergebore harte.
2. "Ek Is, is die Een wat met jou praat" (Joh 4:25-26, 28-30)
    a. Samaritane het verwagting van komende Profeet gehad – die Here Jesus is daardie Profeet (vgl Deut 18:15, 18, Hand 3:22, Joh 6:14, 4:19)
    b. Samaritaanse vrou begin verstaan die Here Jesus is meer – dalk die Messias? (v25)
    c. Die Here Jesus is:
        - "Ek Is", dus self God
        - Beloofde Profeet
        - Gesalfde Hoëpriester en gesalfde Koning, dus die Messias / Christus
    d. Samaritaanse vrou konfronteer Samaritane (v28-29, vgl Joh 1:41, 45)
3. Die lande staan wit vir die oes (Joh 4:27, 31-38)
    a. Dissipels verbaas oor die Here Jesus se gesprek met die vrou – gebrekkige insig (v27)
    b. Die Here Jesus het ander voedsel – om die wil van die Vader te doen en voltooi, dit is die insameling van die oes (v32-38, vgl Amos 9:13)
        - Oes = insameling van gelowiges
        - Oes is reeds wit op die lande
        - Saai en maai vind gelyktydig plaas deur verskillende persone
        - Oes bring vreugde
    c. Die dissipels het verantwoordelikheid om oes in te samel
4. Die Samaritaanse oes (Joh 4:39-42)
    a. Baie Samaritane kom na Jesus (v39)
    b. Die Here Jesus leer hulle vir 2 dae – oortuig hulle die Here Jesus is die Verlosser vir die wêreld (v40-42)
        - Na 2 dae staan die oes wit in Sigar
    c. Later sou Samaria verdere oes oplewer (Hand 1:8, 8)
5. Implikasies vir ons
    a. Wat ons moet drink en eet:
        - Drink lewende water – lei tot aanbidding in gees en waarheid
        - Eet wat die Here Jesus eet – saaiwerk en oeswerk
    b. Oes nie beperk tot Jode, mense soos "ons" nie – selfs Samaritane is deel van die oes
    c. Oes is reeds vir 2000 jaar wit op die lande – en tog daal lidmaatgetalle
        - Bevolking groei, maar die kerk krimp
        - Dalk kyk ons nie op om die oes te sien nie – kyk eerder na binne
        - Dalk kyk ons nie na mense wat volgens ons Samaritane is nie